



ALGEMENE MAANDVERGADERING

Maandag 27 Junie 2016, 09h00 vir 09h30.
Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

DIE STILBAAI DUINE.

Niel van Wyk.

Niel was vir byna 30 jaar by die Departement van Natuur- en Omgewingsbewing in die voormalige Kaapprovinsie en vanaf 1992 in die Wes-Kaap Provinsie. Hy het sy loopbaan begin as navorser op riviermondings en kusgebiede, en, alhoewel hy in later jare in topbestuur gedien het, het hy sy belangstelling in riviermondings en die kusgebied behou.

In die praatjie verduidelik hy hoe kusduine gevorm word, die rol van duine in die natuur; gevolg deur 'n uiteensetting van die interaksies tussen winde, die see en duine by Stilbaai. Die aansienlike effek van klimaatsverandering op die kus, en die implikasies daarvan vir die Stilbaai duine, word bespreek. Hy praat oor die mens se impakte op die Stilbaai-Oos duinestelsel, en die gevolglike probleme van hierdie impakte. Die praatjie sluit af met voorstelle om hierdie probleme aan te spreek.

Gaste en nie-lede is welkom by die praatjie, toegang is gratis.

DIT EN DAT

Uitslag van die stemming vir 'n Afrikaanse naam.

Verlede maand het ons lede gevra om hul voorkeur vir die Afrikaanse vertaling van die woord "Age" in die konteks "University of the Third Age" aan te dui. Die direkte vertaling is "ouderdom", maar in hierdie konteks is dit nie korrek nie. Daar is vier woorde wat gebruik kan word – al vier is korrek. Hulle is: Leeftyd, Tydperk, Era & Fase. Ons het van 30 persone reaksie gekry, die resultaat is dat 60% vir Era gestem het, 30% vir Fase, terwyl Leeftyd en Tydperk gesamentlik 10% van die stemme ontvang het.

Die Afrikaanse naam sal dus "Universiteit van die Derde Era" wees, maar ons moet beklemtoon dat ons steeds die afkorting "U3A" in beide Afrikaans en Engels sal gebruik – dit is die gebruik in meeste ander lande.

Dankie aan dié wat reageer het, ook vir die waardevolle kommentare en voorstelle wat ons tydens ons ondersoek en in jul reaksies ontvang het.

Algemene Vergadering op 30 Mei.

Daan Toerien het 'n baie interessante praatjie gelewer oor die besigheidsontwikkeling tendense in dorpe in die Gouritz Groep Biosfeerreservaat, en het veral gekonsentreer op wat in Stilbaai gebeur; en ook Stilbaai vergelyk met die ander dorpe. Die bespreking na die praatjie het getoon dat hierdie onderwerp die gehoor se belangstelling baie geprikkel het.

Daan se verslag: "*Enterprise Development and Dynamics in the Gouritz Cluster Biosphere Reserve*" is beskikbaar op die Gouritz Groep Biosfeerreservaat se webtuiste – www.gouritz.com.

Stigtingsvergadering.

Ons stigtings vergadering vind plaas op Maandag 25 Julie 2016 om 09h30 in Die Waenhuis, Jagersbosch. Die agenda sal vroeg in Julie aan alle lede uitgestuur word. Ons hoop dat alles vlot sal verloop sodat ons daarna Belinda Gordon se interessante praatjie kan geniet.

U3A Komitee.

Enige persoon wat belangstel om op ons komitee te dien kan ons gerus kontak op info@u3astilbaai.org – name vir die komitee moet aan die lede voorgelê word vir ons Stigtingsvergadering. Daar is nie veel werk om te doen nie, maar ons het nog breinselle nodig vir die komitee. En dink net wat jul vriende sal sê as julle hul vertel dat julle op die Universiteit se bestuurskomitee dien!

Lidmaatskap fooie.

Lidmaatskap fooie vir die 2016-17 jaar bly R30 per persoon per jaar. Alhoewel betaalbaar van 1 Julie, is lede welkom om by die volgende vergadering te betaal. Lede sal ons nuusbrieff ontvang asook ander informasie wat ons van tyd tot tyd sirkuleer. Dankie aan daardie lede wat reeds vir die komende jaar betaal het.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse word gereël vir kleiner groepe lede met gemeenskaplike belange. Die volgende kursusse is reeds óf aan die gang óf in beplanning:

- **Beginner's Kuns** : Teken of verf in medium van u keuse – vergader die eerste Donderdag van elke maand. Kontak Julie op wilson.julie222@gmail.com.
- **Natuurwetenskap kursusse** : Kursusse het nog nie begin nie. Enige lid wat graag sy/haar kennis of kundigheid met ons wil deel vir 'n kort voordrag, is welkom om ons te kontak; indien nodig sal ons help om die voordrag op te stel. Kontak Brian en/of Stefan op info@u3astilbaai.org.
- **Stapgroep** : Die stapgroep kom elke Vrydag byeen om interessante roetes te stap. Kontak Cheryl op cheryl@kmintsa.co.za.
- **Leunstoel Reise** : Kontak Brian op info@u3astilbaai.org vir datums en tye.
- **Voëlkyk vir Beginners** : Die kursus in Augustus is reeds vol, die volgende kursus sal in 2017 wees – dit sal in Afrikaans wees. Ons sal later in die jaar meer inligting verskaf.
- **Power, Ritual and Exclusion** : Die kursus vind plaas op Woensdae: 6de, 13de en 20ste Julie om 10h00. Die getalle sal beperk word weens beperkte spasie; kontak Janet Stonier by jet33@telkomsa.net of skakel 028 754 3844.

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: info@u3astilbaai.org.

TOEKOMSTIGE PRAATJIES

Ons het verskeie interessante sprekers en onderwerpe vir komende algemene vergaderings. Sprekers is gevra om, indien moontlik, beide Engels en Afrikaans in hul praatjies te gebruik.

- 25 Julie 2016: Belinda Gordon: *The Anglo Boer War - the Colesberg Actions from November 1899 to March 1900.*
- 29 Augustus 2016: Roberto Anastagi: *Syria under the rule of Rome and during the Crusades.*
- Voorlopig Sept: Stefan Pretorius: *4 Trips in, and escape from – Iran.*
